# NUWE FARAOH IN DIE GROOT PIRAMIDE

★ ★ ★

## Simon Rand Reeks (3)

★ ★ ★

Jef van Staden

Toe 'n aantreklike nooi sonder om 'n spoor na te laat in die Kruger-wildtuin verdwyn, kry Simon Rand sommer dadelik hond se gedagte. Hy bevind hom egter telkens op 'n dwaalspoor, want hierdie keer het hy te kampe met mense wat byna sy gelyke is in hul kennis van die mens se verborge kragte. Maar eindelik vat hy tog die spoor wat hom lei tot binne in die Groot Piramide van Egipte. Daar tref hy 'n nuwe Farao aan in al die glorie van die Farao's van ouds, maar die vent se dade is nie naastenby so glorieryk nie, soos Nina du Toit, Rand se vriendin, tot haar ontsteltenis so byna uitgevind het.

Simon Rand teen die Breinduiwels

# NUWE FARAO IN DIE GROOT PIRAMIDE

*deur*

JEF VAN STADEN

*Uitgegee deur*
PRONKBOEKE
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1961

## INHOUD

*Hoofstuk* *Bladsy*


1. Skokkende „Gesig" ... ... ... ... 5
2. Skoonveld ... ... ... ... ... 15
3. Behoorlik Bedrieg ... ... ... ... 23
4. Net te laat ... ... ... ... ... 32
5. Glibberige Kalant ... ... ... ... 41
6. Steeds Kwaaier ... ... ... ... ... 48
7. Lokval by die Piramide ... ... ... 54
8. Nag in die Koningskamer ... ... ... 65
9. Wandelende Mummie ... ... ... ... 75
10. Spoorloos ... ... ... ... ... 82
11. Twee teen die Oormag ... ... ... 87
12. Onverwagte Terugslag ... ... ... ... 96
13. Spook op die Stoep ... ... ... ... 104


Hoofstuk 1

## SKOKKENDE „GESIG''

„HOU stil, dis die plek hierdie," beveel die kort man met die ylswart hare sy motorbestuurder. Die lang groen motor met die twee chroomvinne aan sy agterstewe gaan staan.

Die man wat die bevel gegee het, brand van haas. Hy stoot 'n blou sysakdoek oor sy klam voorhoof. Toe hy sy gespanne middeljarige liggaam oor die sagte rooi leer van die motor se agterste sitplek begin skuif, hou die drywer reeds die deur vir hom oop.

Net 'n oomblik huiwer hy langs die motor in die koue winterlug. Die onsekere trek op sy sout-wit gesig verdwyn toe hy vaskyk teen die breë blou letters bokant die deur. Hy lees : ESP-navorsingsentrum. Direkteur : S. Rand.

Hy kyk na die drywer. „Wag hier," sê hy. Die drywer staar hom bekommerd agterna terwyl hy haas na die deur. Die opsigter maak oop.

„Ek wil Rand dringend spreek," sê die besoeker.

„Jammer, ek het streng bevele om niemand toe te laat nie. Meneer Rand ontvang alleen besoekers tussen drie en vier in die middae."

Die kort man vererg hom. „Ek is JASPER MEIRING. Sê vir meneer Rand dis 'n saak van dood of lewe. Maak gou, man."

Die opsigter versag by die aanhoor van die naam Jasper Meiring. Met ontsag antwoord hy :

„Wag asseblief 'n oomblik, meneer."

Twee minute later sit Jasper Meiring voor Simon Rand se lessenaar. Net toe hy in die stille groen-grys oë van die lang man met die weelderige koperkuif vaskyk, voel Meiring effens kalmer maar die skrikwekkende beelde wat in sy gemoed hoogty vier, laat hom nog onrustig rondskuif.

„Ek is desperaat," val Meiring weg. „Ek is deur die nood na jou gedryf." Hoewel dit selfs binne in die ESP-gebou koud is, voel Meiring met sy stokkerige vingers na die boonste knope van sy onderbaadjie en knoop hy hulle los.

Uiterlik lyk Rand uiters op sy gemak, sy aandag is eksklusief op sy besoeker gevestig toe hy vra :

„Wat skeel?"

Meiring se kort bene soek na die vloer. Hy leun vorentoe totdat hy op die kant van die stoel sit.

„My enigste dogter en kind, Issa, het spoorloos verdwyn soos 'n groot speld. Omtrent twee weke gelede."

Meiring steek vas. Hy sukkel met sy geheue.

„Ja," vervolg hy, „dis vandag presies twee weke gelede. Sy het saam met 'n paar vriende 'n naweek in die Kruger-wildtuin deurgebring. Sy het haar eie motor saamgeneem. Volgens die vriende het hulle 'n paar keer saam deur die wildtuin gery. Maar eendag het sy alleen 'n ent gaan ry, en sy het nie teruggekom nie. Die polisie, die opsigters en 'n klomp ander mense het dae na haar gesoek. Die motor is gevind. Dit het onbeskadig op 'n afgesonderde plek gestaan."

Meiring het so oorhaastig gepraat dat hy nou skoon uitasem is. Voordat hy kan hervat, vra Rand :

„Wat sê die polisie, hoe dink hulle wat het van jou dogter geword?"

„Ag," antwoord Meiring, „dit lyk my hulle is totaal in die duister. Ek moet darem sê dat hulle geroer het en nog steeds hul



bes probeer, maar op die oomblik het hulle nog geen leidraad nie. Daar is wel baie gissings."

„Wat se gissings?"

„Issa was 'n geesdriftige fotograaf en daarby 'n waaghals. Maar hoekom praat ek dan van WAS? Ek kan mos nie glo dat sy . . ."

„Bloot 'n glips van die tong," stel Rand hom gerus.

„Een moontlikheid is dat aangesien haar kamera ook uit die motor weg is, sy waarskynlik van die voertuig af gedwaal het. As dit so is, is daar natuurlik verskeie moontlikhede . . . maar ek weet nie meer wat om te glo nie. Dit voel vir my ek raak van my verstand af . . ."

„Het jy self ook al ondersoek gaan instel?"

„Ek het. Ek het 'n vliegtuig gehuur en drie keer oor die omgewing gevlieg waar die motor gevind is. Te voet het ek die terrein stukkend geloop. Maar hoewel daar net nie die geringste aanduiding te vind is oor wat van haar geword het nie, weier ek om op te hou soek. Hoewel sy soms verspotte dinge aangevang het kan ek darem net nie aanvaar dat sy sommer so op haar eentjie, slegs met 'n kamera gewapen, die bosse ingevaar het nie . . . Nee, nee . . . 'n Meiring maak nie so nie."

Jasper Meiring glip van sy stoel af en maal in die kantoor rond. Hy kom staan pleitend voor Rand se lessenaar.

„Meneer Rand, jy MOET my help. Sy is ál wat ek oor het. Soos jy miskien weet . . . ek is 'n miljoenêr. Ek is die eienaar van die Meiringmotorfabriek. So, geld is geen kwessie nie."

„Hoe kan ek help?"

„Kyk, meneer Rand. Ek het alles geprobeer. Ek het 'n beloning van R30,000 uitgeloof vir die persoon wat haar veilig terugbesorg. Daar is drie private speurders aan die soek; die polisie en die speurdiens is nog steeds aan die gang . . . maar ek kan die onsekerheid nie langer verduur nie. IETS moet gebeur.

Een of ander kant toe moet ek weet. En gisteraand vertel 'n vriend my toe van jou."

„Wat het hy jou vertel?"

„Van die snaakse dinge wat jy hier doen by jou ESP-sentrum. Die vriend van my het self gepraat van wonderwerke wat hier gebeur. Van seker eienaardige mense met bomenslike magte om sulke geheime op te klaar. Maar ek weet nie eens wat die letters ESP beteken nie."

„ESP," sê Rand, „staan vir EKSTRA-SINTUIGLIKE PERSEPSIE."

Die motormagnaat lyk uit die veld geslaan. „Dis totaal Russies vir my," sê hy.

„Ons doen niks spookagtig nie, hoewel dit so mag voorkom as 'n mens die eerste keer daarmee kennis maak. Ek is eenvoudig besig om persone met sulke vreemde gawes te bestudeer. Jy het mos seker al gehoor van mense wat met die helm gebore is?"

Daar is 'n hoopvolle uitdrukking op Meiring se gesig.

„Maar dan is ek mos op die regte plek. Want mense wat met die helm gebore is kan dinge sien wat vir die gewone mens verborge is. Ek is bereid om daardie R30,000 net so aan jou te oorhandig as jy my dogter kan vind."

„Jy moet goed verstaan, meneer Meiring," sê Rand, „dat die mense wat ek hier ondersoek, nie onfeilbaar is nie. Hulle is bloot persone wat sonder gebruik te maak van die gewone sintuie soos ore en oë, waarnemings kan maak in die toekoms in en soms ook terug in die verlede. Ek is egter bereid om jou te probeer help."

Rand staan op en toe hy behoorlik op sy voete is, toring hy bokant die gesette figuur van Meiring uit.

„Ek is dankbaar, uiters dankbaar," sê Meiring en wonder



wat Rand nou gaan doen, want hy stap reeds na die deur. Net voordat hy uitgaan, draai Rand om.

„Hou jou gereed vir enige moontlikheid, meneer Meiring."

Vyf minute later keer Simon Rand terug. Kort op sy hakke stap 'n sonderlinge man wat Jasper Meiring laat ril.

„Meneer Meiring, ontmoet vir Bertram Junod. Bertram is een van my beste proefkonyne. Soos *jy* sal sê : hy is een van die mense wat met die helm gebore is."

Die verskynsel omtrent Junod wat Meiring die meeste tref, is die man se vreemde oë. Vir Meiring lyk dit asof daardie buitengewoon groot oë wat so diep in die oogkaste dryf, elke paar sekondes van kleur verander—dan is hulle olyfgroen, dan weer so blou soos ys en, so koud, en dan weer glinsterend swart soos die kykers van 'n rinkals wat op 'n snikhete somermiddag 'n veldmuis vasvang met sy verlammende blik.

Bertram Junod se maer wit vingers gly deur die welige swart kuif wat tot agter sy kop golf. Hy reik Meiring die hand—en glimlag.

„Ek sal graag wil help," sê hy. „Rand het my reeds kortliks vertel. Dit sal baie help as jy miskien een of ander persoonlike besitting van die vermiste dogter by jou het."

„Soos wat?" vra Meiring skrikkerig.

„'n Ring, 'n borsspeld, 'n sakdoek of so iets . . ."

Jasper Meiring voel in sy baadjiesak en haal 'n rooi geborduurde sakdoekie te voorskyn.

„Sal dit goed wees? Foeitog, dit het die polisie nog in die motor gevind."

„Uitstekend," sê Junod en neem die sakdoek by Meiring. Hy lê dit voor hom op die lessenaar neer en hou twee vingers daarop sodat hy gedurig kontak met die sakdoek kan hê.

En terwyl Meiring met oop mond sit en kyk, sak Junod se kop stadig agteroor en sluit hy sy oë dig.

Sy asemhaling word al hoe stadiger totdat dit lyk asof alle beweging in die massiewe borskas tot stilstand gekom het. Hy konsentreer so dat hy nie langer bewus is van die kamer of van Rand en Meiring nie.

So sit hy goed vyf minute, roerloos stil. Dan begin hy langsaam te mompel sodat Rand en Meiring fyn moet luister om te hoor.

„Ek . . . sien . . . ’n . . . toneel . . . tussen twee groot maroelabome . . . die jong dame . . . haar hare blink in die son . . . stap al hoe nader . . . na die groot swart olifant. . . Hy sien haar ook. . . hy roer sy ore . . . sy kom tot naby . . . sy korrel met die kamera . . . die olifant storm . . . sy vlieg om . . . hy is kort op haar hakke . . . hy vang haar met die slurp . . . sy swaai hoog in die lug . . . dan lê sy onder die pote . . . Hy trap . . . daar is een gil . . . dan stilte . . . die olifant lig weer sy slurp en storm die bosse in . . .”

„STOP!” skreeu Jasper Meiring en ruk die rooi sakdoek van die lessenaar af. „Dit kan ek nie verduur nie,” kreun hy. „Die res kan ek self aflei . . . Aasvoëls, jakkalse . . . Arme Issa, waarom het ek ooit toegelaat dat sy wildtuin toe . . .”

Bertram Junod kom tydsaam uit die beswyming. Hy knip sy oë ’n paar keer en kyk verbaas na die geskokte Meiring.

„Ek het kontak verloor,” sê Junod, „jy weet natuurlik nie van beter nie, meneer Meiring, maar nooit, nooit mag jy ’n medium onderbreek as hy so in die middel van ’n ‚gesig’ is nie.”

Rand sien dat Meiring hierdie vermaning van Junod nie hoor nie. Meiring spook om sy boordjie te laat skiet so benoud is hy nou.

Bertram sit nog steeds roerloos. Sy swart oë blink en hy hou hulle op Meiring.

Meiring ondergaan ’n verbysterende verandering. Die een oomblik is hy nog die geskokte sakeman wat treur oor sy dogter—dan verloor hy alle beheer oor sy liggaam en gly dit slap van die stoel af sodat dit op die blokkiesvloer val, omrol, en skynbaar dood, met die gesig onder toe stil lê.



Met een sprong staan Rand langs Meiring. Minute later kom Meiring moeisaam orent totdat hy op hande en voete staan en begin so in die kamer rond te kruip.

„Ek is die hiëna wat Issa verslind het,” skreeu hy. Die „hiëna” storm tot by Junod en hap verwoed na hom sodat Meiring se kunsgebit uit sy mond spat en onder Rand se lessenaar grond vat.

Junod staan opsy en leun met gevoude arms teen die muur. Hy kyk na Rand en sê:

„Hy straf homself. Sy gewete vreet hom omdat hy sy dogter toegelaat het om op daardie reis te gaan. Hy reken dis sy skuld dat sy haar lewe verloor het.”

Rand staan die verbysterende toneel en aanskou, en eers weet hy nie wat om daarvan te dink nie.

„Meiring,” skreeu hy, „staak daardie spel. Wees jouself.”

Maar die enigste reaksie van Jasper Meiring is om Rand op hande en voete te bestorm.

Rand spring uit die pad van die aanstormende „hiëna” en swaai na Junod.

„Ons kan hom nie so los nie, wat ook al die oorsaak is. Bel die hospitaal en vra ’n ambulans. Ek dink hy kort ’n skoot morfien.”

Die ambulans daag ’n kwartier later op maar Jasper Meiring is nog steeds ’n „hiëna”, sodat Rand en Junod die twee ambulansmanne moet bystaan om die dwangbaadjie oor Meiring se skouers te kry.

Diep in gedagte sit Rand en Junod ’n ruk voordat Rand sê:

„Wat dink jy van die hele affêre, Bertie?”